SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 7 Mei 2026

EMBARGO: GEEN

## GEMS VERLAAG UITEINDELIK PREMIES!

Onderwysers in die Staatsdiens vier vandag fees! Staatsdienswerkers word deur ‘n Kollektiewe Ooreenkoms verbind om aan die Government Employees Medical Scheme (GEMS) te behoort indien hulle subsidie van Staat vir Mediese Fondse wil ontvang.

GEMS, ‘n fonds met nagenoeg 880 000 lede het hierdie monopolie in die Staatsdiens uitgebuit met buitensporige verhogings in lede bydraes.

In ‘n tyd waar werkers onder besondere finansiële druk staan met verhogings in brandstof en voedselpryse, was die 4% salarisverhoging wat in April geïmplementeer is, nie genoeg om die uitermatige GEMS bydrae verhogings te buffer nie. In 2025 was die gemiddelde verhoging 13.5%. Tydens inligtingsessies met vakbonde het GEMS aangedui dat die 2026 verhoging aansienlik verminder sou word. Dit was daarom skokkend toe GEMS ‘n gemiddelde bydrae verhoging van 9.8% vir 2026 aangekondig het.

Na vele interaksies met die vakbonde het GEMS die besluit geneem om die bydraes na 9.5% te verlaag. Na vreedsame protesoptogte waaraan die SAOU ook deelgeneem het en sekere eise aan GEMS gestel is, was dit duidelik dat daar geen beweging sou wees nie.

Die vakbonde het aangedui dat die boeliegedrag van GEMS se lede nie aanvaarbaar was nie. Na etlike interaksies het GEMS vandag aangekondig dat die verhoging na 7.5% verlaag sou word.

<u>Waarom word dit as ‘n oorwinning gesien?</u>

- Die doel met die stigting van GEMS (as mediese fonds) was nooit om 'n winsgewende organisasie te wees nie.
- GEMS het 'n sosiale verpligting teenoor sy lede om hulle van bekostigbare mediese voordele te voorsien.
- In die huidige finansiële klimaat kan onderwysers nie kies tussen ‘n mediese fonds en die nodige lewensmiddele nie. ‘n Geslote mediese fonds moet bekostigbaar wees vir sy lede.
- Dit is egter nodig dat ‘n entiteit soos GEMS vir bestuur en beheer verantwoordbaar gehou word.

Die SAOU bedank lede vir hul toegewydheid en ondersteuning deur die proses en ons verseker lede dat die vakbond sal voortgaan om sy lede se regte en voordele te beskerm.

FEDUSA
t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531